higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

29 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye, 1 bylae en 3 antwoordblaaie.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord AFDELING A en AFDELING C (vraag 3.4 en 3.5) op die ANTWOORDBLAAIE wat voorsien is.
3. Plaas die ANTWOORDBLAAIE in die EKSAMENVOUER bo-op die DRUKSTUKKE van AFDELING B en AFDELING C.
4. Gebruik toepaslike rekeningkundesagteware vir AFDELING B en AFDELING C.
5. Lees AL die vrae aandagtig deur.
6. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy aan die beantwoording van elke vraag moet bestee.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. BTW word teen 14% gehef.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Kort teorievrae	20	18 minute
AFDELING B			
2	Prakties op rekeningkundesagteware	120	1 uur 48 minute
AFDELING C			
3	Prakties op rekeningkundesagteware	60	54 minute
TOTAAL		**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AFDELING A op die ANTWOORDBLAD wat voorsien is.

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) op die ANTWOORDBLAD neer.

1.1.1 Wanneer ’n onderneming goedere aan ’n verskaffer terugstuur, word ’n ... met behulp van rekeningkundesagteware gegenereer.

A goedereontvangsnota
B kredietnota
C verskaffersfaktuur
D debietnota

1.1.2 Die ... weerspieël die onderneming se finansiële posisie vir ’n spesifieke tydperk.

A balansstaat
B inkomstestaat
C kontantvloeistaat
D proefbalans

1.1.3 Watter van die volgende word NIE as ’n voordeel van rekeningkundesagteware beskou nie?

A Die verwerking van groot hoeveelhede data
B Skandeerders en staafkodes wat as toevoermetodes gebruik kan word
C Die bywerking van rekenaars
D Die afvoer van inligting na ander sagtewaretoepassings

1.1.4 Designer Wear Stores hou moderne ontwerpersrokke aan. Een rok kos R1 500,00. Die prystoeslag is 120% op die kosprys.

Die verkoopsprys (BTW uitgesluit) van TWEE ontwerpersrokke is ... .

A R6 600,00
B R3 300,00
C R1 800,00
D R3 600,00

1.1.5 As die antwoord op VRAAG 1.1.4 gebruik word, is die wins op elke rok ... .

A R3 300,00
B R1 800,00
C R300,00
D R3 600,00

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n transaksie uit KOLOM B wat by die toepaslike BTW-kategorie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.


KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Standaard-BTW	A	waardevermindering op ’n voertuig
1.2.2	Kapitaal-BTW	B	petrol
1.2.3	Nulkoers-BTW	C	bankkoste
1.2.4	Vrygestelde lewering	D	’n tweedehandse afleweringsvoertuig wat by ’n handelaar aangekoop is
1.2.5	Nie aan BTW onderhewig nie	E	uitvoere
		F	inskrywingstipes

(5 × 1) (5)

1.3 Die volgende onvoltooide verskaffersfaktuur word uit Top Draw se rekords onttrek:

Top Draw

Pinestraat 13
Durban
4000



031 235 5600
Faks: 031 235 5601

BELASTINGFAKTUUR

Faktuur: CG 21564
BTW-reg.nr.: 4013532692

Datum: 14/10/2017

Afgelewer aan: Aliwalstraat 36 Durban 4000	**BEPALINGS:** 5%-korting, streng binne 45 dae 10%-handelskorting

BESKRYWING	INKLUSIEWE BEDRAG	
2 reghoekige Smart-kantoorlessenaars @ R6 000 elk	12 000	00
1 Ascot-hoërugtiksterstoel @ R1 500	1 500	00
Subtotaal	**1.3.1**	
Korting	**1.3.2**	
BTW @ 14%	**1.3.3**	
Totaal	**1.3.4**	

Kopiereg voorbehou

Bereken die volgende met behulp van die verskaffersfaktuur wat van Top Draw ontvang is. Toon AL jou berekeninge.

1.3.1 Die subtotaal van die faktuur (2)

1.3.2 Die handelskorting (2)

1.3.3 BTW, teen 14% bereken. (3)

1.3.4 Die totale bedrag wat aan Top Draw verskuldig is (3)
[20]

TOTAAL VIR AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

INSTRUKSIES

1. Maak Hook, Line and Sinker (HOOK) se rekening oop wat reeds op jou rekenaar gelaai is.

2. Die wagwoord vir HOOK is ***123***.

3. Kies "SETUP".

4. Kies MAATSKAPPYPARAMETERS ('company parameters').

5. Kies MAATSKAPPYBESONDERHEDE ('company details'), kies die 'Company Name'-afdeling en klik op 'Educational Number'.

6. Druk CTRL + SHIFT + T en voeg jou EKSAMENNOMMER in die blokkie in wat verskyn.

Deepak Maharaj, ’n ywerige hengelaar, besit Hook, Line and Sinker, ’n onderneming wat hengeltoerusting verkoop. Hy besluit om vanaf 1 Maart 2017 na ’n gerekenariseerde rekeningkundestelsel oor te skakel.

Die volgende opstelling IS REEDS in Hook, Line and Sinker se boeke GESKEP:

(a) INSKRYWINGSTIPES

NOMMER	INSKRYWINGSTIPE
01	Kontantbetalingsjoernaal
02	Kontantontvangstejoernaal
03	Kleinkasbetalingsjoernaal
04	Kleinkasontvangstejoernaal
05	Algemene joernaal
06	Klantejoernaal
07	Verskaffersjoernaal
08	Klantekortingsjoernaal
09	Verskafferskortingsjoernaal
10	Slegteskuldjoernaal
11	Renteheffingsjoernaal
12	Voorraadjoernaal

(b) TYDPERKE

Hook, Line and Sinker se finansiële jaar begin op 1 Maart 2017 en eindig op 28 Februarie 2018. Die eerste verwerkingsmaand is Maart 2017, tydperk 1.

(c) BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

BTW word volgens die faktuurgrondslag vasgelê. Sien die aangehegte BYLAE oor die toelaatbare aftrekkings vir INSETBELASTING.

(d) VERSKAFFERS

VERSKAFFERS-KODE	VERSKAFFER	SALDO OP 28/02/2017
SUP1	Okuma Fishing	R38 421,64
SUP2	King Fisher Shop	R23 871,32
SUP3	Jadwats Fishing Suppliers	R14 984,88
SUP4	The Fishing Pro Shop	R19 111,67

Kopiereg voorbehou

(e) KLANTE

KLANTEKODE	KLANT	SALDO OP 28/02/2017
C01	Ladysmith Fishing Club	R15 210,00
C02	NDE Fishing Professionals	R13 082,00
C03	The Fishing Masters	R7 344,00
CZ99	Kontantverkope	

(f) VOORRAAD

Voorraad word teen 75% op die kosprys verhoog.

VOORRAADKODE	VOORRAADITEM	HOEVEEL-HEID
FISH1	Ystervisstokstander	14
FISH2	Diamond-driemenskampeertent	18
FISH3	Huber-sesmenskampeertent	23
FISH4	Sabiki-takel-aasvisstok	40
FISH5	12 vt-grafietvisstok	36
FISH6	Drielaai-hengeltoerustingkissie	29
FISH7	Penn-lepelkatrol ('spinfisher reel')	13
FISH8	Shimano-nagvalkkatrol	33
FISH9	Avanti-karperskepnet	56

(g) TERMYNKODES

- 10%-korting binne 15 dae
- 5%-korting binne 30 dae
- 2,5%-korting binne 45 dae

(h) AANVAARDINGSALDO'S

LET WEL: Al die aanvaardingsaldo's is reeds verwerk, BUITEN die saldo van die oortrokkebankrekening. Volgens die proefbalans op 28 Februarie 2017 is die oortrokkebankrekening R12 320,00.

VERLANG

- Lê die beginsaldo in die toepaslike kasboek vas en druk en werk die kasboek by.

Kopiereg voorbehou

VERLANG

- Verwerk die aanvaardingsaldo's vir die oortrokkebankrekening.

- Gebruik die brondokumente en die inligting wat hier onder voorsien word om in die toepaslike joernale te boekstaaf en dokumente in Hook, Line and Sinker se boeke vir Maart 2017 te genereer.

- As daar GEEN rekening bestaan waarin die transaksie ingesleutel kan word nie, moet so ’n rekening geskep word. Gaan voort om die rekeningstruktuur vir die algemene grootboek, wat reeds opgestel is, te gebruik.

- Druk AL die dokumente nadat jy dit verwerk het. Wanneer jy joernale druk, kies 'Print with Contrast'.

- Werk die dokumente en joernale by.

- Sien bladsy 17 vir ’n volledige lys drukstukke wat jy moet inlewer sodat dit nagesien kan word. Lewer die drukstukke in dieselfde volgorde in as wat op bladsy 17 aangedui word. VYF punte sal afgetrek word indien die drukstukke nie in die korrekte volgorde ingelewer word as wat in die vraestel versoek is nie.

Kopiereg voorbehou

KREDIETAANKOPE VAN VOORRAAD

BELASTINGFAKTUUR

Faktuur: FH250

JADWATS FISHING SUPPLIERS

031 258 3250 031 258 3280 jad@hotmail.com

Ghandhiweg 23, Durban 4000
BTW-reg.nr. 4042117763

Klant se adres:

Hook, Line and Sinker
Queenstraat 23
Ladysmith 3370

Bepalings:

5%-korting binne 30 dae

10%-handelskorting

5 Maart 2017

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
4	Diamond-driemenskampeertent	479	99	1 919	96
7	Sabiki-takel-aasvisstok	849	99	5 949	93
8	Avanti-karperskepnet	209	99	1 679	92
			Subtotaal	9 549	81
			10%-korting	954	98
				8 594	83
			BTW @ 14%	1 203	27
			TOTAAL	**9 798**	**10**

Kopiereg voorbehou

RR05

BELASTINFAKTUUR

BTW#: 4098204310

RR052

The Fishing Zone

Main Reef-weg 123
Johannesburg
2195

Tel: 011 136 3600
Faks: 011 136 3605
fishingzone@telkomsa.net

AAN:
Hook, Line and Sinker
Queenstraat 23
Ladysmith
3370

BEPALINGS:
10%-korting binne 15 dae

18/03/2017

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
6	Ystervisstokstander	89	99	539	94
3	Huber-sesmenskampeertent	729	99	2 189	97
13	Penn-lepelkatrol ('spinfisher reel')	249	79	3 247	27
			Subtotaal	5 977	18
			BTW @ 14%	836	81
				6 813	99

- Lê 'The Fishing Zone' as ’n nuwe verskaffer met behulp van die kode SUP5 vas.

Kopiereg voorbehou

King Fisher Shop

Cornweg 374
Ladysmith
3370

036 220 9540
kingfisher@yahoo.co.za

BTW NR.: 4254897350

BELASTINGFAKTUUR

NR.: FYI110

25/03/2017

Klant:
Hook, Line and Sinker
Queenstraat 23
Ladysmith 3370

BEPALINGS:
2,5%-korting binne 45 dae
5%-handelskorting

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
20	12 vt-grafietvisstok	695	99	13 919	80
8	Shimano-nagvalkkatrol	352	50	2 820	00
10	Evito-kampeerstoele	379	39	3 793	90
15	Drielaai-hengeltoerustingkissie	285	50	4 282	50
			Subtotaal	24 816	20
			5%-korting	1 240	81
				23 575	40
			BTW @ 14%	3 300	55
			TOTAAL	26 875	95

- Lê die nuwe voorraaditem genaamd 'Evito-kampeerstoele' met behulp van die kode FISH10 vas.

Kopiereg voorbehou

KREDIETTERUGSENDINGS VAN VOORRAAD DEUR HOOK, LINE AND SINKER

DATUM	VERSKAFFER	BESONDERHEDE
17/03/17	Jadwats Fishing Suppliers	1 × Diamond-driemenskampeertent – pale ontbreek 2 × Avanti-karperskepnet – beskadig

KREDIET- EN KONTANTVERKOPE

- Rekening CZ99 word vir alle kontantverkopetransaksies gebruik.
- Alle kontantverkopeklante ontvang ’n 5%-kontantkorting op alle aankope.
- Die naam van die kontantverkopeklante moet op die dokumente aangebring word.
- Voeg die volgende boodskap op die eerste belastingfaktuur vir nuwe kredietklante in:

  Dankie dat u al u hengelbehoeftes aan ons toevertrou!

DATUM	KLANT	BEPALINGS	BESONDERHEDE
04/03/2017	NDE Fishing Professionals	7,5%-handelskorting 2,5%-korting binne 45 dae	4 × Huber-sesmens-kampeertent 3 × Avanti-karperskepnet
11/03/2017	Jake Pirates	Kontantverkope	6 × Shimano-nagvalkkatrol
19/03/2017	Fishermen 4 Life	10%-korting binne 15 dae	3 × ystervisstokstander 7 × Sabiki-takel-aasvisstok 4 × Evito-kampeerstoele
26/03/2017	Catch It	Kontantverkope	5 × 12 vt-grafietvisstok 8 × drielaai-hengeltoerustingkissie

- Skep 'Fishermen 4 Life' as ’n nuwe klant, kode C04. Sy adres is: Milkwoodweg 123, Durban 4000.

Kopiereg voorbehou

KREDIETTERUGSENDINGS VAN VOORRAAD AAN HOOK, LINE AND SINKER

DATUM	KLANT	BESONDERHEDE VAN TERUGSENDINGS
08/03/2017	NDE Fishing Professionals	1 × Avanti-karperskepnet – net is geskeur
22/03/2017	Fishermen 4 Life	1 × ystervisstokstander – minderwaardige gehalte

KLEINKASBETALINGSJOERNAAL

KLEINKASBEWYS

Nr.: 26

Datum: 03/03/17

Betaal aan: Metro Stationers

Vir: 10 merkers (Die eienaar neem een merker vir sy seun.)

Bedrag: R150,00

Goedgekeur deur: J Peters

KLEINKASBEWYS

Nr.: 27

Datum: 09/03/17

Betaal aan: Jacks Supermarket

Vir: Suiker

Bedrag: R45,00

Goedgekeur deur: J Peters

- Skep ’n rekening vir personeeluitgawes.

KLEINKASBEWYS

Nr.: 28

Datum: 18/03/17

Betaal aan: Nofta

Vir: Skenking

Bedrag: R120,00

Goedgekeur deur: J Peters

Kopiereg voorbehou

KASREGISTERROLLE

Hook, Line and Sinker Queenstraat 23 Ladysmith 3370	CRR 101
Kassiere: Lindi Dlamini	
16:11:13	11/03/2017
Kontantverkope	R4 008,49
Hou asseblief u strokie as bewys van aankope.	

Hook, Line and Sinker Queenstraat 23 Ladysmith 3370	CRR 102
Kassiere: Lindi Dlamini	
13:44:02	26/03/2017
Kontantverkope	R10 516,26
Hou asseblief u strokie as bewys van aankope.	

KONTANTONTVANGSTE

KWITANSIE		Duplikaat	
KWITANSIE NR.: 211		**01/03/2017**	
ONTVANG VAN:	NDE Fishing Professionals		
Die som van	*Vyfduisend rand alleen*		
	Rand	5 000	00
	Nul sent		
Vir:	*Betaling van rekening*		
J Peters		Met dank	

HOOK LINE & Sinker

KWITANSIE

Duplikaat

KWITANSIE NR.: 212 **05/03/2017**

ONTVANG VAN:	Steve Murray		
Die som van	*Sewentienduisend rand alleen*		
	Rand	17 000	00
	Nul sent		

Vir: *Kommissie ontvang*

J Peters Met dank

HOOK LINE & Sinker

KWITANSIE

Duplikaat

KWITANSIE NR.: 213 **17/03/2017**

ONTVANG VAN:	Deepak Maharaj		
Die som van	*Vyf en tagtig duisend rand alleen*		
	Rand	85 000	00
	Nul sent		

Vir: *Kapitaalbydrae*

J Peters Met dank

HOOK LINE & Sinker

KWITANSIE

Duplikaat

KWITANSIE NR.: 214 **22/03/2017**

ONTVANG VAN:	Saunder Brothers		
Die som van	*Drieduisend rand alleen*		
	Rand	3 000	00
	Nul sent		

Vir: *Slegte skuld verhaal*

J Peters Met dank

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

- Skep ’n rekening vir slegte skuld verhaal.

LINE HOOK & Sinker **KWITANSIE** Duplikaat			
KWITANSIE NR.: 215		**29/03/2017**	
ONTVANG VAN: Fishermen 4 Life			
Die som van ?			
	Rand	?	
	Nul sent		
Vir: *Vereffening van rekening*			
J Peters	Met dank		

KONTANTDEPOSITO’S

Die volgende deposito's is gemaak op:

- 06/03/2017 Deposito: BS 30/01
- 18/03/2017 Deposito: BS 30/02
- 31/03/2017 Deposit: BS 30/03

KONTANTBETALINGS

10023 **01/03/2017**	
Aan:	Jadwats Fishing Suppliers
Vir:	Vereffening van rekening op 1 Maart 2017
Bedrag:	R14 000,00

10024 **09/03/2017**	
Aan:	KP Sangweni
Vir:	Bestuurdersalaris
Bedrag:	R19 750,00

10025 **16/03/2017**	
Aan:	Kopy Kat
Vir:	Die druk van brosjures
Bedrag:	R5 460, 00

10026 **18/03/2017**	
Aan:	Jadwats Fishing Suppliers
Vir:	Vereffening van rekening
Bedrag:	?

Kopiereg voorbehou

10027 22/03/2017	
Aan:	Xtec
Vir:	Die bruikhuur van fotokopieermasjien
Bedrag:	R5 465, 00

10028 25/03/2017	
Aan:	Branded Suppliers
Vir:	Kantoorlessenaars
Bedrag:	R18 250,00

- Skep ’n rekening vir bruikhuurkoste.

BYKOMENDE DRUKSTUKKE VERLANG

- Genereer ’n proefbalans op 31 Maart 2017 nadat alle transaksies vasgelê en bygewerk is.

Die volgende DRUKSTUKKE moet gegenereer en ingelewer word om nagesien te word:

2.1	Kasboek om die beginsaldo van die oortrokkebankrekenings vas te lê	(6)
2.2	Verskaffersfakture	(33)
2.3	Terugsendingsbewyse en debietnotas	(9)
2.4	Belastingfakture	(28)
2.5	Kredietnotas	(11)
2.6	Kleinkasjoernaal	(5)
2.7	Kontantontvangstejoernaal	(11)
2.8	Kontantbetalingsjoernaal	(12)
2.9	Proefbalans	(5)
		[120]

TOTAAL VIR AFDELING B: 120

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 3

INSTRUKSIES

1. Maak Sport Zone (SPORT) se rekening oop wat REEDS op jou rekenaar GELAAI IS.

2. Die wagwoord vir SPORT is 123.

3. Kies "SETUP".

4. Kies MAATSKAPPYPARAMETERS ('company parameters').

5. Kies MAATSKAPPYBESONDERHEDE ('company details'), kies die 'Company Name'-afdeling en klik op 'Educational Number'.

6. Druk CTRL + SHIFT + T en voeg jou EKSAMENNOMMER in die blokkie in wat verskyn.

VERLANG

- Gebruik die inligting wat hier onder voorsien is om die rekonsiliasieproses en die maandeindaansuiwerings vir Mei 2017, tydperk 3, in Sport Zone se boeke te voltooi.

- Gaan voort om die rekeningstruktuur vir die algemene grootboek, wat reeds opgestel is, te gebruik. As daar GEEN rekening bestaan waarin die transaksie ingesleutel kan word nie, moet so ’n rekening geskep word.

- Druk AL die dokumente nadat jy dit verwerk het. Wanneer jy joernale druk, kies 'Print with Contrast'.

- Werk die joernale by.

- Sien bladsy 21 vir ’n volledige lys drukstukke wat jy moet inlewer sodat dit nagesien kan word. Lewer die drukstukke in dieselfde volgorde in as wat op bladsy 20 aangedui word. VYF punte sal afgetrek word indien die drukstukke nie in die korrekte volgorde ingelewer word as wat in die vraestel versoek is nie.

3.1 Gebruik die volgende inligting om die berekeninge hier onder te doen:

3.1.1 Voltooi en druk (ná die bankrekonsiliasie) die kontantontvangstejoernaal met die bykomende inskrywings. (7)

3.1.2 Voltooi en druk (ná die bankrekonsiliasie) die kontantbetalingsjoernaal met die bykomende inskrywings. (11)

3.1.3 Volg die rekonsiliasieproses deur en druk die bankrekonsiliasiestaat. (9)

LION BANK

Staat: 26 ***Datum: 31/05/2017***		***Tel: 036 631 2341*** ***Faks: 036 631 2344***	Sport Zone Commercialstraat 44 Ladysmith

DATUM	BESONDERHEDE	DEBITEER (-)	KREDITEER (+)	SALDO
01/05/2017	Beginsaldo			R52,50
01/05/2017	REN		R135,50	R188,00
02/05/2017	Diensgelde	R256,65		–R68,65
04/05/2017	Tjek 56	R1 450,60		–R1 519,25
07/05/2017	Tjek 58	R15 400,00		–R16 919,25
09/05/2017	Bestuursgelde	R86,00		–R17 005,25
13/05/2017	Dep BDS22		R1 200,00	–R15 805,25
17/05/2017	RR55		R2 500,00	–R13 305,25
20/05/2017	Tjek 59	R23 598,50		–R36 903,75
21/05/2017	Dep BDS23		R1 564,00	–R35 339,75
24/05/2017	Internetbankkoste	R45,00		–R35 384,75
25/05/2017	Tjek 63	R9 750,00		–R45 134,75
27/05/2017	Dep BDS24		R4 000,00	–R41 134,75
31/05/2017	DO45	R2 356,42		–R43 491,17

BYKOMENDE INLIGTING

1. Identifiseer en boekstaaf die bankkoste vir die Mei 2017.
2. Die transaksie op 01/05/2017 is vir rente op die lopende rekening.
3. RR55 is vir ’n betaling op NKR Sporting se rekening.
4. DO45 is vir die maandelikse reklamekoste in die plaaslike koerant, 'The Smith'.

Kopiereg voorbehou

3.2 Verwerk die volgende maandeindaansuiwerings vir Mei 2017 (tydperk 3). Die laaste nota se getal was 44. Druk die slegteskuldjoernaal. (7)

Joernaalbewys 45



Sport Zone

31/05/2017	NKR Sporting is insolvent verklaar. Daar word 25 sent in die rand op 17/05/2017 in die bankrekening gedeponeer. Daar word besluit om die uitstaande bedrag as oninbaar af te skryf.

Joernaalbewys 46



Sport Zone

31/05/2017	Hef rente op uitstaande debiteure deur van die 'Charge overdue customers'-funksie gebruik te maak.

3.3 **BYKOMENDE DRUKSTUKKE VERLANG**

Druk ’n klante-ouderdomsontleding vir 31 Mei 2017. Kies die volgende velde: (6)

- 'Full details' (volle besonderhede)
- 'Print descriptions' (druk die beskrywings)
- 'Print transactions' (druk die transaksies)

LET WEL: DRUKSTUKKE moet in die volgende volgorde ingedien word:

- Kontantontvangstejoernaal (ná die bankrekonsiliasie)
- Kontantbetalingsjoernaal (ná die bankrekonsiliasie)
- Bankrekonsiliasie
- Slegteskuldjoernaal
- Klantouderdomsontleding

Beantwoord VRAAG 3.4 en 3.5 op die ANTWOORDBLAAIE wat voorsien is. LET WEL: BTW word teen <u>14%</u> gehef.

Kopiereg voorbehou

3.4 Die volgende inligting is uit Kricky Kricket se boeke op 28 Februarie 2017 onttrek:

Verkope (BTW ingesluit)	R150 000,00
Aankope (BTW uitgesluit)	R90 000,00
Uitsetbelasting – slegte skuld	R3 400,00
Insetbelasting – standaardkapitaal-goedere	R4 850,00

VERLANG:

Bereken die volgende:

3.4.1 Uitsetbelasting op verkope vir Februarie 2017 (2)

3.4.2 Totale uitsetbelasting wat op die VAT 201-vorm geboekstaaf word. (2)

3.4.3 Insetbelasting op aankope vir Februarie 2017 (2)

3.4.4 Totale insetbelasting vir Februarie 2017 (2)

3.4.5 BTW betaalbaar aan die SAID of terugbetaalbaar aan Kricky Kricket
(Dui duidelik aan of die bedrag betaalbaar of terugbetaalbaar is.) (4)

3.5 Die volgende inligting het betrekking op ’n kredietklant, S Mohan:




Belastingfaktuur – S Mohan

Datum: 04/12/2017
Totale bedrag: R5 650

Betalingsbepalings: 5%-korting binne 15 dae vanaf die faktuurdatum

Kopiereg voorbehou



3.5.1 Bereken die bedrag wat die onderneming van S Mohan sal ontvang as betaling op 14 Desember 2017 gemaak word. (5)

3.5.2 Bereken die bedrag wat die onderneming van S Mohan sal ontvang as betaling op 31 Desember 2017 gemaak word. (3)
[60]

TOTAAL VIR AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 200

BYLAE

TOELAATBARE AFTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN INSETBELASTING

	Word BTW gehef?		**Inset-BTW aftrekbaar?**	
	JA	**NEE**	**JA**	**NEE**
Advertensies	X		X	
Slegte skuld	X		X	
Bankkoste				
Internetbankkoste	X		X	
Diensgelde	X		X	
Bestuursgelde	X		X	
Kommissie ontvang	X		X	
Skenkings		X		
Renteonkoste		X		
Rente op lopende rekening		X		
Rente ontvang		X		
Bruikhuurkoste	X			
Motorvoertuie	X		X	
Kantoortoerusting	X		X	
Rekenaartoerusting	X		X	
Aanleg en masjinerie	X		X	
Drukwerk	X		X	
Huurgeld ontvang	X		X	
Herstelwerk en instandhouding	X		X	
Salarisse en lone		X		
Personeeluitgawes	X			X
Skryfbehoeftes	X		X	

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 _____

1.1.2 _____

1.1.3 _____

1.1.4 _____

1.1.5 _____ (5 × 1) (5)

1.2 1.2.1 _____

1.2.2 _____

1.2.3 _____

1.2.4 _____

1.2.5 _____ (5 × 1) (5)

1.3 1.3.1 _____

_____

_____ (2)

1.3.2 _____

_____

_____ (2)

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

1.3.3 _____

_____

_____ (3)

1.3.4 _____

_____ (3)

[20]

TOTAAL VIR AFDELING A: 20

AFDELING C

3.4 3.4.1 _____

_____

_____ (2)

3.4.2 _____

_____

_____ (3)

3.4.3 _____

_____

_____ (2)

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

3.4.4 _____

_____

_____ (3)

3.4.5 _____

_____

_____ (3)

3.5 3.5.1 _____

_____

_____

_____ (4)

3.5.2 _____

_____

_____ (3)

Kopiereg voorbehou